kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Om te behoort

Skriflesing: Johannes 17:15-26

"The most beautiful thing we can experience is the mysterious. It is the source of all true art and all science. He to whom this emotion is a stranger, who can no longer pause to wonder and stand rapt in awe, is as good as dead: his eyes are closed."
— Albert Einstein

Broodjies vir die pad

"It is only through mystery and madness that the soul is revealed"
— Thomas Moore, Care of the Soul: A Guide for Cultivating Depth and Sacredness in Everyday Life

"Jesus Christ lived in the midst of his enemies. At the end all his disciples deserted him. On the Cross he was utterly alone, surrounded by evildoers and mockers. For this cause he had come, to bring peace to the enemies of God. So the Christian, too, belongs not in the seclusion of a cloistered life but in the thick of foes. There is his commission, his work. 'The kingdom is to be in the midst of your enemies. And he who will not suffer this does not want to be of the Kingdom of Christ; he wants to be among friends, to sit among roses and lilies, not with the bad people but the devout people. O you blasphemers and betrayers of Christ! If Christ had done what you are doing who would ever have been spared' (Luther)."
— Dietrich Bonhoeffer, Life Together: The Classic Exploration of Christian Community

"When soul is neglected, it doesn't just go away;
it appears symptomatically in obsessions, addictions, violence, and loss of meaning."
— Thomas Moore

"To stand up straight with your shoulders back is to accept the terrible responsibility of life, with eyes wide open. It means deciding to voluntarily transform the chaos of potential into the realities of habitable order. It means adopting the burden of self-conscious vulnerability, and accepting the end of the unconscious paradise of childhood, where finitude and mortality are only dimly comprehended. It means willingly undertaking the sacrifices necessary to generate a productive and meaningful reality (it means acting to please God, in the ancient language)."
— Jordan B. Peterson, 12 Rules for Life: An Antidote to Chaos

Ben het immers niks om oor skuldig te voel

Dana Snyman

Ben is vies. Vir die ANC. Vir die EFF. Vir almal wat ten gunste is van die onteiening van grond sonder vergoeding.

"Besef die mense nie wat hulle doen nie?" sê hy. "Hulle gaan ons ekonomie totaal vernietig."

Hy sit in Spek & Bone op Stellenbosch saam met twee van sy ontwikkelaar-pelle. Hulle wag vir hul tapas.

Tussen hulle op die tafel staan 'n bottel Ghost Corner Pinot Noir, 'n lekker drinkwyntjie vir 'n lang maaltyd op 'n Vrydagmiddag.

Eintlik is Ben 'n plaasseun van die Oos-Vrystaat, maar hy is nie spyt hy het Stellenbosch toe gekom nie.

Hier in die Boland kan jy baie geld maak as jy in die regte kringe beweeg en weet wie om nie kwaad te maak nie.

Ben se pa is steeds op die plaas, maar Ben kom deesdae maar min in die Vrystaat. Die plaas is al drie geslagte in die familie. Sy oupagrootjie het dit ná die oorlog goedkoop van die regering gekry.

Sy oupa en later sy pa het grond bygekoop en die boerdery uitgebrei. Sy ouers woon steeds in die ou sandsteen-opstal met die 16 vertrekke waar sy ma regeer – met behulp van drie huisbediendes en 'n man in die tuin.

In st. 6 is Ben Bloemfontein toe. Grey toe. Nes sy pa en sy oupa voor hom. Op Grey smee jy bande wat jou vir die res van jou lewe nuttig te pas kan kom.

Dit was logies dat hy ná skool op Kovsies sou gaan swot. BCom.

Sy ma het mos die dupleks – gekoop met erfgeld – in die Woodlands Estate, waar hy en sy suster kon woon terwyl hulle studeer. Sy ma het vir hulle 'n inwonende Malawiër gekry om vir hulle huis te hou. In sy derde jaar het Ben se pa vir hom 'n nuwe Polo gekoop.

Ben het byna sy graad ge-cum. Daarna het hy 'n ruk lank by 'n vriend van sy pa, 'n bourekenaar, in Bloemfontein gewerk.

Maar toe gryp die ontwikkeling-ding hom. Koop. Ontwikkel. Verkoop. Soms lol dit maar met omgewingsimpakstudies en ander sulke amptelike goed. Maar dis nie altyd wie jy is nie. Dit is wie jy ken.

Toe eendag bel een van sy Grey-konneksies van Stellenbosch af en vertel hom van al die ontwikkelingsgeleenthede in die Boland.

Die leefwyse hier pas hom. Die bergfietsroetes. Die restaurante. Spek & Bone herinner hom 'n bietjie aan Bloemfontein.

"En dan's daar die ouens wat kapitalisme en sosialisme wil kombineer," sê Ben en vat na sy glas Ghost Corner Pinot Noir.

"Ander praat van welvaartsbelasting. Dit kan mos nie werk nie, man."

Die bouwerk aan hul plek in La Vie is byna voltooi. In Maart het hy vir sy vrou 'n Fortuner gekoop. In sy hele lewe het Ben nog nie een enkele keer sy eie klere gewas nie.

"Nee wat, ek't niks om oor skuldig te voel nie." Hy vat 'n diep sluk uit die glas. "Ek't hard gewerk vir als wat ek het."

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/ben-het-immers-niks-om-oor-skuldig-te-voel-20180927

"If we have no peace, it is because we have forgotten that we belong to each other."
— Mother Teresa

Your children are not your children.
They are the sons and daughters of Life's longing for itself.
They come through you but not from you,
And though they are with you, yet they belong not to you.
You may give them your love but not your thoughts.
For they have their own thoughts.
You may house their bodies but not their souls,
For their souls dwell in the house of tomorrow, which you cannot visit, not even in your dreams.
You may strive to be like them, but seek not to make them like you.
For life goes not backward nor tarries with yesterday.
You are the bows from which your children as living arrows are sent forth.
The archer sees the mark upon the path of the infinite, and He bends you with His might that His arrows may go swift and far.
Let your bending in the archer's hand be for gladness;
For even as he loves the arrow that flies, so He loves also the bow that is stable.
– Khalil Gibran

Brood vir die pad

Hoekom misluk die mens dan so in sy verhoudings?

RRV

Vroeër in die week het The Flame verskyn– 'n versameling gedigte, tekeninge en notas deur die Kanadese digter en musiek-ikoon Leonard Cohen.

Ten spyte van swak gesondheid het Cohen in die laaste maande voor sy dood in November 2016 ywerig aan die samestelling van 'n laaste digbundel gewerk. Ongelukkig kon hy nie enduit by die proses betrokke bly nie, maar tog sien hierdie bundel, wat grotendeels ooreenstem met sy intensies, die lig.

Cohen se seun, Adam, het die titel voorgestel. En in die voorwoord lig hy uit hoe dikwels woorde soos "fire" en "flame" in sy pa se werk voorkom, onder meer in die titelsnit van sy laaste album, "You want it darker. We kill the flame."

"You want it darker" bevat as refrein die woorde "Hineni, Hineni / I'm ready, my Lord".

Hineni is die Hebreeuse woord wat dikwels as "Hier is ek" vertaal word. Dit is byvoorbeeld die woord wat Abraham gebruik in reaksie op roepstemme in die verhaal oor Isak wat geoffer moet word (Genesis 22:1, 11). En Jesaja reageer op sy roeping as profeet met "Hier is ek. Stuur my" (Jesaja 6:8).

Cohen sluit kennelik in hierdie lied by elemente uit die Joodse tradisie aan.

Onlangs lees ek 'n interessante artikel waarin die skrywer die tema van die verbond of verdrag tussen God en mens in Cohen se oeuvre ondersoek.

Sy voer aan dat 'n sentrale vraag vir Cohen nie soseer is waarom dit vir mense so moeilik is om getrou aan God en mekaar te bly nie, maar eerder waarom het 'n almagtige God die mens só geskape dat ons so vatbaar is om in verhoudings te misluk?

In hierdie vraag lê Cohen se opstand en aanklag teenoor God. Iets hiervan weerklink in die openingswoorde van "You Want It Darker": "If you are the dealer / I'm out of the game."

Asook in sy sterk lied "Treaty" (op dieselfde album): "I wish there was a treaty we could sign . . . Between your love and mine."

Ingesluit in The Flame is 'n onthullende e-pos-interaksie tussen Cohen en die digter Peter Dale Scott. Scott stuur op 1 Oktober 2016 vir Cohen die volgende inskripsie tot sy digbundel Walking on Darkness: "If you want it darker / This book is not for you / I always wanted it lighter / And I think God does too."

Hierop reageer Cohen op 3 Oktober 2016 teenoor sy vriend: "who says 'i' want it darker? / who says the 'you' is 'me' . . . he will make it darker / he will make it light / according to the torah / that leonard did not write."

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/hoekom-misluk-die-mens-dan-so-in-sy-verhoudings-20181005

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877